# Inspirasie vir leergierige ABO-leser

MARTIN F. MARIX EVANS, *Encyclopedia of the Boer War 1899-1902*

ABC-CLIO Ltd, 2000

Old Clarendon Ironworks,

Oxford, England.

414 bladsye

ISBN 1 85109 332 X (Paperback)

ISBN 1 85109 342 7 (Hardback)

Prys: £14.99

Hierdie is 'n waardevolle werk, veral nou na die driejaarlange herdenking van die Anglo Boereoorlog, omdat die algemene publiek begin belangstel het in gebeure tydens die oorlog. Die grootste waarde van hierdie omvattende werk, wat met reg 'n ensiklopedie genoem word, is daarin geleë dat die leser op 'n baie maklike wyse toegang verkry tot die feitelike gebeure tydens die Anglo Boereoorlog. Inligting is maklik verkrygbaar deur na die A-Z teksverwysing te kyk of alternatief deur kernwoorde te vind wat duidelik uitstaan in 'n kronologie wat in die begin van die werk aangebied word. By hierdie kronologie word aspekte wat meer breedvoerig in die boek bespreek word duidelik aangedui. Die bronverwysing wat telkens aangebied word is van groot waarde en lei die leser om baie meer inligting te bekom deur ook ander bronne te raadpleeg. Ek ervaar tog 'n leemte ten opsigte van die bronne wat na verwys word. Slegs enkele bronne van Suid-Afrikaanse oorsprong is gebruik. Daar word wel herhaaldelik verwys na werke deur Fransjohan Pretoruis. Deurgaans word verwys na Britse skrywers. Die skrywer voer wel aan in sy voorwoord dat hy onderhoude gevoer het met talle Suid-Afrikaners. Hy verwys byvoorbeeld geensins na 'n omvattende en gesaghebbende Suid-Afrikaanse bron soos J.H. Breytenbach se "die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika" nie.

Hierdie werk bied waardevolle inligting aan die persoon wat meer te wete wil bekom van die kronologiese gebeure tydens die Anglo Boereoorlog. Dit is ook 'n werk wat sekerlik met baie groot vrug gebruik kan word om veral aan Engelsprekende Buitelanders, wat nie toegang het tot al die Afrikaanse literatuur oor die oorlog, 'n goeie oorsig van die Anglo Boereoorlog te bied. Die skrywer doen ook moeite om Afrikaanse terme aan die Engelsspekende leser, wat nie vertroud is met die Suid-Afrikaanse samelewing nie, te verduidelik. Voorbeelde hiervan is terme en begrippe soos Afrikaner, Xhosa, Biltong, Boer, Burgher, Bitter-einder, Bywoner, Uitskud, Stoep, Roo'nek, Penkoppe, Kraal, Groot Trek en nog vele meer. Sy verduideliking van die terme is duidelik en op die man af.

In die inleiding word terugverwys na gebeure in Suid-Afrika vanaf die koms van Jan van Riebeeck in 1652, die Britse teenwoordigheid vanaf 1795, die Eerste

Vryheidsoorlog 1880-1881 en dan na die periode tydens die Anglo Boereoorlog. Dit is jammer dat die drukkers-duiwel hier ingesluip het en 'n opskrif in die inleiding verkeerdelik verwys na die Anglo Boereoorlog 1889-1902. Dit plaas die oorlog in 'n tydgleuf van 14 jaar wat verwarring kan skep by die leser wat Geskiedenis slegs lees vir die vermaak daarvan of dit as 'n stokperdjie beoefen. Tog dien die inleiding juis as 'n goeie agtergrond vir die leser wat onkundig is ten opsigte die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die oorlog word binne die regte konteks geplaas. Dit word ook in die A-Z teksverwysing verder gevoer deurdat terme soos kolonialisme verduidelik word. Selfs in die kronologie wat later volg word 'n seleksie van belangrike gebeure in Suid-Afrika, voor die Anglo Boereoorlog, duidelik aangedui.

Reeds in die inleiding verwys die skrywer daarna dat die oorlog in duidelike fases verdeel kan word. In die kronologie wat direk na die inleiding volg word hierdie fases baie duidelik aangetoon. Die eerste fase, die Boere offensief (11-30 Oktober 1899), die tweede fase, die Britse teen-offensief onder Buller (31 Oktober 1899 – 9 Februarie 1900), die derde fase, die Britse offensief onder Roberts (15 Februarie –15 Maart 1900), die vierde fase, beide guerilla en konvensionele fase van die oorlog (17 Maart – 27 Augustus 1900), en die vyfde fase, die Guerilla fase (5 September 1900 – 31 Mei 1901). Hierdie duidelik uiteensetting plaas die gebeure tydens die oorlog vir die leser in konteks.

In die A-Z teksverwysing slaag die skrywer goed daarin om die gebeure tydens die oorlog te beskryf. Hy doen dit egter op 'n unieke wyse deurdat die inligting alfabeties (in teenstelling met die chronologiese uiteensetting in die kronologie) gegee word. In hierdie beskrywing word alle aspekte van die oorlog deeglik bespreek. Nie net die veldslae word duidelik beskryf nie maar daar word ook belangrike aspekte soos taktiek, strategie en wapentuig uiteengesit. Dit is duidelik dat die skrywer oor militêre kennis beskik. Sy beskrywing van die samestelling van die Boeremagte en die Britse magte is besonders volledig. Reeds in die inleiding, maar ook verder in die teks word die wapentuig wat gebruik is tydens die oorlog baie goed uiteengesit, ontleed en beskryf. Ook die hoeveelhede en te korte ten opsigte van wapens word uitgewys. Hy doen ook moeite om telkens die stategie en taktiek tydens 'n veldslag te beskryf. Hy verwys selfs in die teks na verskillende veldslae waar dieselfde taktiek gebruik is. Sy beskrywing van die verskillende militêre personeel en ander persone wat ter sprake is, word baie volledig en interessant aangebied.

Die illustasies wat gegee word is oor die algemeen goed. Ek dink egter dat die kaarte wat in die werk voorkom heelwat beter kon wees. Die inligting op die kaarte is soms verwarrend of te veel inligting word gegee.

Die groot hoeveelheid inligting wat deur middel van bylae, aan die einde van die werk aangebied word as grepe uit die geskiedenis van die oorlog, kan stimilerend wees vir persone wat enigsins belangstel in Geskiedenis om meer betrokke te raak by navorsing van oorspronklike dokumente oor die oorlog. Die inligting in die bylae handel oor verskillende aspekte. Dit verskaf besonderhede

soos die name van persone wat betrokke was by die oorlog, die samestelling van regimente en magskolonne. Daar kom ook oorspronklik dokumente voor wat handel oor die konsentrasiekampe, sekere veldslae en inligting wat deur Emily Hobhouse aan die Britse regering verskaf is, veral ten opsigte van die toestande waaronder vroue en kindes in die konsentrasiekampe geleef het. Oorspronklike dokumente met betrekking tot die vredesonderhandelinge in 1901 kom ook in die bylae voor.

Hierdie werk bied dus nie net aan die leser 'n bron waar basiese inligting rakende die oorlog bekom kan word nie, maar inspireer ook die leser om nog meer te wete te kom van die oorlog. Indien daar egter diepgaande navorsing gedoen moet word, dan is dit nodig om 'n velerlei ander bronne te raadpleeg wat as meer gesaghebbend as hierdie werk beskou en gewaardeer kan word, aangesien daar heelwat geskiedkundige werke bestaan wat baie intensiewer navorsing oor die Anlgo Boereoorlog gedoen het.

Dit sou goed gewees het indien hierdie boek 'n jaar of wat vroeër in die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar was. Hierdie ensiklopedie beskik oor waardevolle geskiedkundige materiaal oor die Anglo Boereoorlog en sal in die komende aantal jare as 'n waardevolle naslaanwerk gebruik kan word.

Pieter L. Möller

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

## Waardevolle Afrikaans genealogiese inligting

JAN C. VISAGIE, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*

Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

2000.

ISBN 1 868888 060 5

pp. vii-xxiii, 362

Illustrasies, Los kaarte, Indeks en Bibliografie

Prys: R119.00

Daar is reeds in die negentiende eeu begin om die geskiedenis van vroeë Afrikaanssprekende families in Suid-Afrika aan te teken. In hierdie verband het 'n navorser soos Chistoffel Coetzee de Villiers met sy Geslagsregisters van die ou Kaapse families (Hersien en aangevul deur C. Pama, 1966) baanbrekerswerk verrig. Sedertdien is waardevolle bykomende werk deur George McCall Theal, H.T, Colenbranders, D.F. Du Toit Malherbe, H.D. Bosman en J.A. Heese